

AFDELING IV.


SKRIJWERS BUITE DIE OU GENOOTSKAP.

So iets als vaste skrywers van Afrikaans buite om die ou Genootskap van Regte Afrikaners het feitelik nie bestaan nie. En diegene, wat sig nog al laat hoor het, het sulks net vir 'n rukkie gedoen. Hulle strewe was nie om Afrikaans als skryftaal te bevorder nie; maar wel om gesellige leesstof te verskaf, of om 'n seker brandende vraagstuk te bepleit en te verdedig—dit was dié geval b.v. met die historiese Samespraak van 1861 en andere.

Van tijd tot tijd het daar in verskeie koerante en tydskrifte Afrikaanse gedigte, of rijmpies, verskijn. Soos reeds opgemerk, had President F. W. Reitz daaraan 'n deel geneem, en het van sij eie gedigte en die van andere in boekvorm uitgegee. 'n Ander versameling van Afrikaanse berijminge werd in 1890 deur mnr. W. H. Maskew uitgegee onder die tittel “'n Jolly Hotnot.” Dan het mm. Jacques Dusseau en Kie in 1896 'n Afrikaanse Prentjieboek uitgegee. In 1893 het mnr. Melt Brink met sij “Grappige Stories” op die toneel getree, en hij het daarna meer van hom laat hoor.

Die skryftaal deur die skrywers gekies was nog baing met Hollands verming en ons kan die doel daarvan lig begriip—die vooroordeel teen *suiver* Afrikaans was in daardie dae baing sterk, en so het hierdie skrywers, als dit ware, die lesers eers mak gemaak. In kort, hulle het die skryftaal ondergeskik aan die doel gemaak. Diegene, wat 'n seker saak te bepleit had, het Afrikaans net gebruik om aandag te trek.

President Reitz het uit die staanspoor met die ou beweging meegegaan, sodat net mnr. Melt Brink feitelik die enigste skrywer is, wat oorgeblij het. Hij het nooit vir Afrikaans als skryftaal geijwer nie; maar verkies vandag nog Hollands als sulks bo



ERNST J. Du TOIT het, na hij sij Matrikulasie eksamen afgelê het, sig bij "Die Patriot" aangesluit. Hij is nou 'n man van 60 jaar en is die enigste wat nog in die Drukkerij, as bestierder, aan die roer staan. Hij is ook 'n broer van "Dokter".

MELT J. BRINK, digter en skrywer. Hij het buite die Genootskap van Regte Afrikaners gebly. Maar met sij populaire gedigte en geskrifte het hij baie mee gehelp om Afrikaans ingang te laat krij. En tog vreemd genoeg, sij mikpunt was nie Afrikaans as skryftaal nie, maar wel om leeslus op te wek.



Afrikaans, en dis een van die redes waarom hij hom nie in die nuwe spelling van Afrikaans oefen, of selfs 'n studie van die taal maak nie.

Mnr. Melt J. Brink is 'n selfgemaakte man. Hij had nie die genot gehad om baing somers op die skoolbanke deur te bring nie. Hij het 'n sterk persoonlikheid, wat hom baing lesers en 'n wijer vrindekring besorg het. Ons moet hom beoordeel naar die *grote nut*, wat hij gestig het. Hij is 'n man vir sij tijd om lewe onder ons onnadinkende mense te bring. En wees daarvan verseker, dat sij boekies, deurvleg met suiwer humor, toereikend was vir alle grade van geleerdheid—vanaf standaard III opwaarts. Die grootste manne van ons land was nooit skaam om te erken dat hul nooit verder als genoemde standaard gegaan het nie. Dit weet mnr. Brink en dit het die skrywers onder die ou Genootskap ook geweet, en daarom was die strewe om die grote gros te bereik, wat letterkundig honger en dors lei, en wees daarvan verseker: daar loop nog baing, baing sulkes onder ons vandag nog rond, wat nie deur taai leesstof gevoed word nie.

Die doel van die skrywer, mnr. Brink, was om leeslus op te wek deur geskikte lektuur te verskaf, om die nasionale gevoel wakker te skud en om gesellige bijdrae aan die "Aurora" te verskaf, en sonder hij tot doel gestel het om die Afrikaanse skryftaal te bevorder, het sij poging verder gereik als hij vermoed het. Maar hij is beskeie—soos alle uit die ou beweging—om sig iets toe te eie. Laat ons hom self aan die woord bring:—

"Dit was mij 'n aangename verrassing van so 'n oue vriend weer per eie brief te hoor. Mag jij nog lank lewe, en skryf meer vir ons nog baing van die oue heuglike tije; want dit is mij steeds aangenaam aan die goeie ou dae herinner te word.

"Wat betref jouw verlanget dat ek jou enige informasie sou verskaf omtrent mij arbeid, is ek gewillig sulks te doen, naar mij beste vermoë:—

"Wat die toestand op taalgebied destijds betref, toe ek begin het om te skrywe; wel, ek dink dat destijds nie veel beweging onder ons mense hier aan Kaapstad bestaan het nie. Ek sou sê die gevoel was slaperig. Ook was daar gin groot vrijwing nie.

“ Ons, in ’n vrindekring, had destijds ’n Genootskap of Rederijkers Kamer opgerig, wat die naam van “ Aurora ” gedra het, alwaar die Hollandse taal bevorder werd. Ons het Toneelstukke ens. opgevoer en ook resitasies voorgedra, waaraan ek groot aandeel geneem het. Van toe af het ek begin te skrywe. Die Kamer het ruim twintig jaar bestaan, namelijk van 1868 tot 1888. Ek het slegs geskrywe sonder enig doel om daar iets van te verwag. .

“ Ek het net geskrywe omdat die rijmlus mij daartoe gedriewe het, of liewers daarbij gesê, uit liefde vir ons taal, volk en land. Viral met die doel om ons jong mense tot leeslus op te wek. Ek durf nie sê, dat ek veel volgelinge gehad het nie; maar dit weet ek tog, dat ek baing lesers had. Die onverskilligheid van die ouere vir hulle moedertaal was vir die jongere vergif en hulle het toegelaat om Engels met volle teuge in te skink en sluk. Van Hollands werd toe maar min gehoor, of iets daar omtrent, als behalwe deur ons Kamer, wat nie die invloed had nie, wat ons getrag het om aan haar te gee. Ek weet toe wel, dat ek nie op mij Hollands kon spog nie; want ek had nie veel geleentheid in mij jeug gehad om baing te leer nie, dus het ek heel weinig Hollands en nog veel minder Engels geleer. Dan in daardie tije was meesters nie so volop nie. Daar buite als boerseun opgegroeï, het ek maar Kaaps-Hollands geskrywe, soos ons dit hier gepraat het.

“ Ek had dus met mij skrywe gin ander doel als net om te *vermaak en leeslus* bij ons volk op te wek. Ek had dus gin ander doel als om net uiting te gee aan mij liefde vir taal, volk en land.

“ Dan vra jij mij of ek teenstand in mij werk had. Om jou die waarheid te sê: ek weet van gin teenstand nie. Wel hier en daar het ek daar iets van gehoor; maar ek het mij daaraan nie gesteur nie en het maar mij eie pad bewandel.

“ Ook vra jij mij hoe die saak gevorder het. Wel, ek meen goed; want hier word nou meer Hollands en Afrikaans gepraat als vroeër. Ek het nou minder lesers als voorheen, wat ek toeskryf aan die feit dat daar meer skrywers later in die veld getree het. Jij weet: vele varkens maak ’n dunne spoeling, soos die ou spreek-

woord sê. Ook is daar meer digters op die toneel verskijn, wat meer bekwaamheid en geleerdheid besit als ek, en wat sig meer op die studie van Afrikaans toelê—iets waaroor ek mij minder bekreund het.

Verder vra jij mij hoe die saak hier in 1905 gestaan het—toe die nuwe beweging begin het: Wel, soals ek reeds te kenne gegee het, het die ou beweging nie stil gestaan mie; maar het met reuse skrede snel gevorder—meer so wat die spreektaal betref.

Als ek mij gevoele moet uitspreek, spijt dit mij, dat die ou Hollands, of liewers gesê Hollands vir die hedendaagse Afrikaans moet verruil word. Als spreektaal het ek nie veel op Afrikaans teen nie; maar als skryftaal gee ek die voorkeur aan Hollands. Dog als dit nie anders kan nie, laat dit liewers so blij als om Engels in plaas daarvan te stel. Ek is reeds oud—mij tijd is verbij—en sal nie veel meer skrywe nie, ek sal maar mij hoof in rus neerlê.”

Tot sover mnr. Melt Brink. Voorgaande brief was in Hollands opgestel en daar ons dit liefs in Afrikaans geplaas wou sien, het ons die vrijheid geneem om dit letterlik in Afrikaans oor te sit; dit toe aan hom vir aan- en opmerkings gestuur met versoek om dit weer aan ons terug te besorg. En dit is wat hij skryf:—

“Hooggeagte Vrind—Jouw brief van 25 Oktober het ek ontvang. Ek is baing blij dat jij mij antwoord op jouw vrae goed gevind het. Ook vind ek dit goed dat jij dit in Afrikaans oorgesit het; want ek is bang om dit self te doen, daar ek mij daarin nooit geoefen het nie. Soos jij dit gedoen het, is dit uitstekend. Terwijl jij mij die vraag stel of ek verandering daaraan wens te doen, weet ek waarlik nie watter veranderinge, of verbeteringe ek daartoe kan bijvoeg nie.

“Die enigste wat ek graag bijgevoeg sou sien—als ek so vrij mag wees—is wat ek jou van ons Rederijkers Kamer gaan vertel. Maar als jij dit onnodig ag, kan jij dit maar gerus agterweë laat. En dit is dat ons altijd baing groots op ons Kamer was. Behalwe die resitasies uit Hollandse digters, het ons soms eie geskrywe stukke voorgedra, alsmede eie geskrywe toneel—en blij-

spele. So was van mij hand die volgende: "De slagers van Gent," "Die Misdadigers, of Loon naar Werke," "Die Zegepraal van Onschuld," "De Reis naar de Diamantvelden (in 5 bedrijwe)," "De Weddenschap," "Origineele Testament" en nog andere. Ook van die ander lede het stukke geskrijwe. Maar daar ek in Goewernements-diens was en mij tijd aan Landmeterskaarte en Samestellinge daarvan vir meer als 41 jaar moes wij, so moes ek mij skryfwerk in die aande verrig, en daar ek nog boonop sekretaris van ons Kamer was, had ek nie veel tijd tot beskikking nie.

Jij het mij in jouw vorige brief gevra of ek wel teenstand ontmoet het. Wel, laat ek jou 'n grap vertel, wat mij net te binne skiet: Eens op 'n oggend stuur 'n vrind mij 'n anekdote hoe die Engelse Taal in die wereld gekom het. Ek skryf toe dadelik 'n rijmpie daarop en stuur dit naar die "Zuid Afrikaansche Tijdschrift:—

.....
"Hierdie versies was soos vuur in die pan. Engelse het dit mij baing kwalik geneem—vergetende dat hulle ons taal altijd vir 'n kombuistaal uitgeskel het. Ek sluit met die beste-wense.

Jouw ou vrind,

Melt. J. Brink.

Die volgende Boeke is verkrygbaar bij die **PAARLSE DRUK PERS MAATSKAPPIJ**, Paarl, K.P., en ook bij **J. L. VAN SCHAICK'S BOEKHANDEL** te Pretoria.

“Ds. S. J. du TOIT in Weg en Werk”

Een van die belangrikste werke, die laaste tijd verskijn, is die Lewensbeskrywing van wijle Ds. S. J. du Toit, deur Prof. Dr. J. D. du Toit, Potchefstroom. Die boek beslaat 470 bladsije met 32 portrette en plate; goed gebonde; prijs 8/9.

Die 18 hoofstukke handel oor die volgende onderwerpe: Eerste lewenstijd; Noorder Paarl; Chr. Nation. Onderwijs; Genootskap van Regte Afrikaners; Afrikaanse Patriot; Afrikaanse Taal; Strijd vir Afrikaanse Taal; Afrikaner Bond; Program van Beginsels; Oplewing in Kaap Kolonie; Transvaalse Anneksasie en Vrijheidsoorlog; Transvaal periode; Transvaalse Deputasie; Bijbelvertaling en Bijbelverklaring; Latere lewenstijd; Strijd vir die oue waarheid; Persoonsbeskrywing; Lewensend. Dan volg 3 Bijlage; a) Lijs van boeke deur Ds. du Toit. Bijlage b) Getuigenisse omtrent Ds. du Toit. c) enige Gedigte.

“Ons Land” sê:—

“Wij wenschen schrijver hulde te brengen voor de wijze, waarop hij zijn taak heeft opgevat en uitgevoerd. De inhoud is boeiend gesteld en de stof is gerangschikt op zulk een wijze, dat men alle punten gemakkelijk kan volgen. Voor zover we tot oordelen bevoegd zijn, is de geschiedenis, waarin ds. S. J. du Toit zijn rol gespeeld heeft, gegeven zoals ze is, zonder enige poging tot opsmuk en zonder enige poging om de feiten geweld aan te doen. Men krijgt voor zich het beeld van iemand, die in de woeligste perioden van de geschiedenis van Zuid-Afrika niet slechts één rol vervuld heeft, doch die daarin is opgetreden in verschillende karakters, in verschillende bedrijven, waarin hij steeds een hoofdfiguur was. We bevelen het boekwerk beslist ter lezing aan, en om de redenen hierboven reeds genoemd, en omdat men uit de geschiedenis van wijlen ds. S. J. du Toit een schat van lessen kan leren die zowel voor 't heden als voor de toekomst grote waarde kunnen hebben.”

“De Burger” sê:—

“Die lewe en die werk van wijle Ds. S. J. du Toit, is dan in 'n lijwige boekdeel verskene, deur sijn seun, Prof. Dr. J. D. du Toit. Dit was reeds lang al bekend dat die Prof. met die liefde-werk besig was, en meer dan eens werd die vraag gesteld: wanneer die boek dan sal verskijn? Maar nou dat ons die werk in hande het, verwonder dit ons nie, dat ons so lang daarop moet gewag het nie. Dis 'n reusewerk. Die boek bevat 470 bladsije, en wemel van sitate en aanhalings in kleine druk. Die skrywer het verbasend veel bronne moet naslaan, en nalees. Als iemand die boek deurgelees het, dan sal hij wijle Ds. S. J. du Toit beter verstaan. Die skrywer is daarin geslaag 'n duidelike blik in die lewe van sijn vader te gee; 'n helder lig op sijn werk te werp. Hij verdien daar veel lof voor.”

AFRIKAANS ONSE VOLKSTAAL, 71 stellinge neergeleg en verklaard deur Ds. S. J. du Toit. Elke stelling en die verklaring daarvan staat op pote. Die argumente wil hê ten gunste van die Afrikaanse taal moet die boekie lees. 1/9.

GESKIEDENIS VAN DIE AFRIKAANSE TAALBEWEGING, waarin biesonderhede meegedeel word omtrent die aller-eerste begin van die Taalbeweging, biev., die Skrywerij van Klaas Waarsegger, in die "Zuid Afrikaan"; oprigting van Genootskap van "Regte Afrikaners," (1875), ens., ens. 1/6.

Die volgende **BIJBELBOEKE IN AFRIKAANS** vertaald met aantekeninge: Genesis (1/9); Psalme (1/6); Mattheus (9d.); Openbaring (1/0).

PIET RETIEF, deur Gustav S. Preller, 9de druk, met plate, 6/0, p. vrij.

HET DAGBOEK VAN LOUIS TRICHARDT, deur Gustav S. Preller, 17/6 p. vrij.

TELEURGESTEL, Roman, deur J. van Bruggen. Bekroon deur die S.A. Akademie met die Hertzogprijs vir 1917, 6/0, p. vrij.

OOM FRIKKIE, en ander Sketse, deur J. Lub, 4/9, p. vrij.

PIERE STORIES soos deur Hotnots vertel, versamel deur G. R. von Wielligh en met 15 plate van Cicely Clark, 3/3, p. vrij. Die boek is mooi afgewerk. Die druk is groot, die omslag is sterk gemaak, en sal nie sommer breek nie. Ons wil graag sien dat elke kind hierdie boek lees. Ouers wil dikwels 'n mooi present gee; hier is 'n mooi een, wat hulle sal op prijs stel.

DIE KASKENADES VAN KLEIN DUIMPIE, deur Tannie van "Die Brandwag," met 26 illustraties en gebonde in mooie band. Prijs 4/0, p. vrij. "Een van die mooiste kinderboeke wat ons in lange tijd gesien het."

Prijslys van ander Afrikaanse boeke word gestuur op aanvraag.